Afrikaans Eerste Addisionele Taal graad 5

Leerderboek: Kwartaal 1

Formele assessering: Taak 5 – Week 10

Vaardigheid getoets	Teks	Week	Punte	Handtekening van ouer
Taalstruktuur en -konvensies	Toets	10	15	

Taalstruktuur en -konvensies

Lees die dagboekinskrywing en beantwoord die vrae:

10 Februarie 2020

Ek kan dit nie doen nie. Ek sal nooit voor die hele klas kan praat nie. Juffrou het gesê dat ons môre ‘n konsert in die klas moet opvoer. Ek is so bang om dit te doen, ek voel eintlik naar en my **mont** is droog. My ma sal my nooit glo as ek sê ek is siek nie. Ek wens ek kon so goed soos Thebo praat. Ek weet almal gaan vir my lag. Dalk moet ek ‘n stupid liedjie sing. Dan kan almal my maar spot, lag en klaarkry.

11 Februarie 2020

O, ek was toe verniet bang. Ek kon dit nie glo toe almal in die klas die snaakse woorde van die liedjie geniet het nie. hulle het saamgeklap gesing en gedans Niemand het vir my gelag nie. Ek kan dit nou nog nie glo dat Thebo dit ook geniet het nie. Volgende keer gaan ek nie bang wees nie. Nou weet ek, ek kan.

1. Verdeel die woord in lettergrepe en sê of die lettergrepe oop of toe is.

   liedjie

   _____ _____

   oop / toe oop / toe (4)

2. Kyk na die twee onderstreepte sinne in die inskrywing van 10 Februarie. Skryf twee werkwoorde wa in die sinne voorkom neer. Laat die prentjies jou help.

2.1

_____

2.2

_____ (2)

3. Spelling.

3.1 Skryf die regte spelling van die **vetgedrukte** woord in die eerste paragraaf.

_____ (1)

Onderstreep die regte spelling van die woorde.

3.2 bloed / bloet (1)

3.3 fingers / vingers (1)

3.4 profinsi / provinsie (1)

4. Afkortings

4.1 Gee die afkorting vir **kilogram.** _____ (1)

4.2 Waarvoor staan die afkorting: **TV**? _____ (1)

5. Skryf die onderstreepte sin in die inskrywing van 11 Februarie oor en vul die regte punktuasie in.

_____ (3)

[15]

Lees die gedig en beantwoord die vrae.

Die gogga-parade?

Wat wir-r so?
Wat tjir-r so?
Wat klap-p so?
En kir-r so?

<u>Sien ek reg? O, genade!</u>
Dis die gogga-parade.
Is dit waar Ag nee, blikners
my piekniekkombers.



Met min buig en min bars
kom die goggas se mars.
Oor die beet- en groenteslaai,
die boerewors vir die braai.

Hulle vat, sonder vra,
tot die poeding en die vla!
Hierdie gogga-hoofweg
<u>dra my hele piekniek weg!</u>

Uit: *Kroonsteen*

1. In watter tydsvorm (tense) is die volgende sin?

   1.1 Die goggas eet die groenteslaai. _____ (1)

2. Skryf die sin oor die ander tydsvorme: Ons braai boerewors.

   2.1 Verlede tyd: _____ (1)

2.2 Toekomende tyd: _____ (1)

3. Skryf die samestelling wat in die laaste versreël van strofe 2 voorkom neer.

_____ (1)

4. Skryf die werkwoorde wat in die onderstreepte versreëls voorkom neer.

_____ _____ (2)

5. Maak die spelfoute in die volgende woorde reg:

6.1 wort (1)

6.2 fuil (1)

6. Gee die afkortings vir die volgende woorde:

6.1 nommer _____ (1)

6.2 bladsy _____ (1)

7. Skryf die sinne oor ek vul die regte punktuasie in.

7.1 Is dit waar Ag nee, blikners (2)

7.2 hulle vat die slaai die boerewors die poeding en die vla! (3)

(15 + 15) = 30 ÷ 2 = 15